Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

SENIOR FASE

GRAAD 9

NOVEMBER 2016

LEWENSORIËNTERING

PUNTE: **70**

TYD: **2 uur**

9LEWEN

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

INSTRUKSIES AAN KANDIDATE

1. Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

2. Laat ŉ reël aan die einde van ELKE afdeling oop.

3. Nommer jou vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: 25 punte (Verpligtend)
   AFDELING B: 25 punte (Verpligtend)
   AFDELING C: 20 punte (Kies slegs TWEE vrae)

5. Beantwoord AFDELING C in volsinne en paragrawe. Die vrae in hierdie afdeling toets jou vermoë om jou kennis en vaardighede toe te pas.

6. Skryf netjies duidelik en leesbaar.

7. Gebruik ŉ blou of swart pen.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 VIER moontlike antwoorde word vir elk van die volgende vrae/stellings verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in jou ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.

1.1.1 Watter EEN van die volgende middels word mees algemeen onder tieners gebruik?

A Alkohol
B Tabak
C Sampioene
D Krokodil (1)

1.1.2 Die volgende is NIE ŉ plek van tersiêre opleiding NIE:

A VOO-kollege
B Tegniese Universiteit
C Universiteit
D Hoërskool (1)

1.1.3 Xenofobie kan gedefinieer word as …

A ŉ weersin in vreemdelinge.
B die vrees om jou werk te verloor.
C weersin of vrees vir mense van ander lande.
D vrees vir skare. (1)

1.1.4 Die proses om dispute tussen mense of groepe op te los deur hulle na ŉ derde party te verwys.

A Werkplekforum
B Vrede bevordering
C Arbitrasie
D Versoening (1)

1.1.5 ŉ Voorbeeld van ŉ loopbaan wat nie Wiskunde vereis nie is ...

A ingenieurswese.
B apteekwese.
C joernalistiek.
D geoktrooieerde rekenmeester. (1)

1.1.6 Nasionale Vrouedag word elke jaar op ... gevier.

A 27 April
B 21 Maart
C 9 Augustus
D 16 Junie (1)

1.1.7 Die Nasionale Studente Finansiële Hulpskema (NSFAS) …

A is ŉ vereiste vir universiteitstoelating.
B word toegeken op grond van meriete aan studente met uitstaande talent en prestasie in sport.
C bied studielenings aan studente met akademiese potensiaal, maar wat finansieel behoeftig is.
D bied studente lenings teen ŉ baie hoë rentekoers aan. (1)

1.1.8 Watter EEN van die volgende is NIE ŉ tipe doel NIE?

A Onrealisties
B Langtermyn
C Korttermyn
D Mediumtermyn (1)

1.1.9 Watter van die volgende stellings oor konflik is ONWAAR?

A Om vir die ander persoon sy of haar sin te gee sal waarskynlik die konflik oplos.
B Om jou sin te probeer kry sal nie die konflik oplos nie.
C Om die konflik te vermy of te ignoreer sal dit net erger maak.
D Die beste is om kan te kies, ten gunste van een party. (1)

1.1.10 Jy kan jouself teen geweld beskerm deur ...

A na die naaste veilige plek te hardloop.
B om hulp te roep.
C alkohol en dwelms te vermy.
D Al die bogenoemde (1)

1.2 Voltooi die sin deur die korrekte woord uit die onderstaande lys te kies.

Isoleer; intimideer; weerhou; eiewaarde; verneder

Emosionele mishandeling word gedefinieer as enige gedrag wat ŉ slagoffer bedreig of (1.2.1)…, dit ondermyn die slagoffer se (1.2.2)… of beheer die slagoffer se vryheid. Dit kan insluit om ŉ persoon privaat of in die openbaar te (1.2.3)…, te beheer wat die slagoffer kan en nie kan doen nie, inligting van die slagoffer te (1.2.4) …, doelbewus iets te doen wat die slagoffer skaam maak of hom of haar van ander mense te (1.2.5) …. (5 x 1) (5)

1.3 Kies die beskrywing in KOLOM B wat pas by die term in KOLOM A. Skryf slegs die nommer (1.3.1–1.3.5) en die ooreenstemmende (A–E), bv. 1.3.6 F.

KOLOM A TERM		KOLOM B BESKRYWING	
1.3.1	Aanspreeklik	A	Dieselfde wette is te alle tye op mense van toepassing
1.3.2	Beroepsgerigte	B	Volledig verantwoordelik
1.3.3	Risiko	C	Spesifieke vakke en punte wat jy nodig het om toelating tot ŉ kursus te kry
1.3.4	Toelatings-vereiste	D	Die moontlikheid dat iets sleg kan gebeur
1.3.5	Oppergesag van die gereg	E	Hou verband met vaardighede en kennis wat jy nodig het om ŉ bepaalde werk te doen

(5 x 1) (5)

1.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.

1.4.1 Doeltreffende tydsbestuur sal jou help om nie belangrike sperdatum te mis nie. (1)

1.4.2 Werkers het die reg op regverdige arbeidspraktyke, om vakbonde te vorm en by aan te sluit en om deel te neem aan vakbondbedrywighede en stakings. (1)

1.4.3 VOO-kolleges is bedoel vir leerders wat leerprobleme ervaar. (1)

1.4.4 Geloof is nie ŉ persoonlike keuse nie, die regering dikteer dit (skryf voor). (1)

1.4.5 MIV/Vigs kan slegs deur seks opgedoen word. (1)

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B (VERPLIGTEND)

VRAAG 2

"Onveilige of ongesonde seks kan 'n paar onwelkome gevolge hê. Tieners loop die risiko om seksueel oordraagbare infeksies op te doen wat hul gesondheid negatief kan beïnvloed, sowel as 'n ongewenste swangerskap".

2.1 Noem ENIGE DRIE ongewenste gevolge van onveilige/ongesonde seksuele gedrag. (3)

2.2 Gee TWEE redes waarom dit gevaarlik vir jong meisies is om swanger te raak. (2)

2.3 Definieer wat 'n seksueel oordraagbare infeksie (SOI) is. (2)

2.4 "Weerhouding is een van die beste maniere om die ongewenste resultate van ongesonde seksuele gedrag te vermy."

2.4.1 Wat is *weerhouding*? (1)

2.4.2 Wat beïnvloed jong mense om hulle van seks te weerhou? Verduidelik. (2)

[10]

VRAAG 3

Lees die gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg.

KHANYISILE MOKELE: OORBRUG DIE GAPING

Wat Khanyisile Mokele as kind die meeste beïndruk het, was om te hoor dat haar oom 'n brug oor 'n snelweg ontwerp en gebou het. Dit het ook die weg vir haar ambisie gebaan. Vandag wil hierdie petit 18-jarige meisie 'n siviele ingenieur word.

"Ek wil my eie brug ontwerp!" sê sy met oortuiging. "Brûe bring die wêreld nader aanmekaar." Sy het in 'n familie groot geword waar opvoeding as die resep vir sukses beskou is. Met die ondersteuning en aanmoediging van haar ouers, was sy altyd gemotiveerd om goeie resultate te behaal. Wiskunde en Fisiese Wetenskappe is geen struikelblok vir Khanyisile nie. Terwyl sy 'n natuurlike aanleg vir hierdie vakke het, werk sy ook hard daaraan deur middag- en Saterdagklasse te neem om seker te maak se behaal sukses.

Khanyisile het by die Universiteit van Tegnologie in Tshwane aansoek gedoen om Siviele Ingenieurswese te studeer en sy is aanvaar hangende haar finale uitslae.

[Bron: Aangepas uit *http://www.unicef.org/southafrica/media_8926.html*. Toegang op 26 April 2014 *verkry*]

3.1 Wat het Khanyisile gemotiveer om ʼn siviele ingenieur te word? (1)

3.2 Wie is Khanyisile se rolmodelle? Gee ʼn rede waarom sy hulle gekies het. (3)

3.3 Hoe verseker sy dat sy goed in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe presteer? (1)

3.4 Siviele Ingenieurswese is ʼn tradisioneel manlik gedomineerde loopbaan. Verduidelik. (1)

3.5 Leerderskappe en internskappe gee gegradueerdes en matrikulante ʼn geleentheid om by die arbeidsmag aan te sluit en vaardighede te ontwikkel wat tot permanente indiensneming met beter loopbaan vooruitsigte kan lei. Onderskei tussen die twee. (4)

[10]

VRAAG 4

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae wat volg.

HASHIM AMLA IS DIE PERFEKTE ROL MODEL: KRIEKET SUID-AFRIKA

Krieket Suid-Afrika (KSA) het Sondag in ʼn media verklaring hulde aan Hashim Amla gebring vir sy dubbele prestasie – bereiking van die hoogste toetstelling deur ʼn Suid-Afrikaanse kolwer en die eer om die eerste driedubbel honderdtal op hierdie vlak vir die land te behaal.

"Hashim se bydrae tot Suid-Afrikaanse krieket strek veel verder as die lopies wat hy op die telbord plaas. Hy bly ʼn wonderlike rolmodel vir ons jeug met die nederigheid en waardigheid wat hy op die veld toon, sy volkome professionele en gefokusde benadering op die veld en die wyse waarop hy homself op en van die veld gedra."

[Bron: Aangepas uit: *http://sports.ndtv.com/cricket/news/item/193967-hashim-amla-is-the-perfect-role-model-crik=cket-south-africa*. Toegang op 14 September 2012 verkry]

4.1 Verduidelik wat ʼn *rolmodel* is. (1)

4.2 Watter eienskappe maak Hashim Amla ʼn goeie rolmodel? (2)

4.3 Noem enige individu wat jou rol model is en verduidelik wat jy bewonder omtrent hierdie persoon. (2)

[5]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C

KUESE-VRAE

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 5

Gevolge en implikasies van tienerswangerskap

Amanda, ʼn 15-jarige graad 9-leerder is ses maande swanger. Sy is opgewonde, want sy dink as sy ʼn baba het, sal mense haar meer soos ʼn volwassene behandel, en dat haar vriend haar nie sal los noudat sy swanger is nie. In elk geval sal die geld van die regeringstoelaag sorg dat sy uiteindelik ʼn bietjie kontant sal hê om nuwe klere te koop en te gaan fliek.

Skryf ʼn paragraaf van ongeveer ʼn halwe bladsy waarin jy aan Amanda die gevolge en implikasies vir tienerouers verduidelik. **[10]**

OF

VRAAG 6

ʼn Ma Verloor: Sterf weens Vigs

Dit was 1997. Tasneem was 17 toe haar ma haar hieromtrent inlig. "Ek het alreeds geweet nog voordat sy dit gesê het," sê Tasneem. "Sy was in die hospitaal met chroniese longontsteking en het al kleiner begin raak." Haar ma was bang om Tasneem te vertel dat sy Vigs onder lede het. Ek het vir haar gesê: "Ek gee nie om nie. Ek sal jou steeds liefhê ongeag wat ookal jy aan my vertel."

Tasneem se ma is op die ouderdom van 43 jaar oorlede. Elke dag, onderwyl Tasneem die verlies van haar ma betreur, ontmoet sy pasiënte by haar kliniek en let op hoe haar vriende riskante besluite neem.

"Elke dag is moeilik, " sê sy met trane in haar oë. "ʼn Skeiding en ʼn eensaamheid. Ek het nog nooit sodanige verlies soos dit in my lewe ervaar nie. Ek het net gevoel dat die persoon wat my die meeste liefgehad het, weg was."

Pas jou kennis van smart toe om Tasneem te help besluit of haar emosionele reaksie op hierdie uitdagende situasie normaal is. Verduidelik die betekenis van smart en som die betrokke proses op. **[10]**

OF

VRAAG 7

Hansie Cronje: – ʼn gevalle krieketheld

Die naam Hansie Cronje word dikwels assosieer met een van die mees afskuwelike terme in krieket – "wedstrydknoeiery". Elke keer wanneer daar ʼn verwysing is na Cronje, roep dit ingedagte die episode wat die hele spel in sy fondament geruk het. Hy het erken dat hy omkoopgeld van onwettige beroepswedders aanvaar het ten einde die uitslae van krieketwedstryde te beïnvloed. Cronje het voor Suid-Afrika se King-kommissie getuig wat korrupsie in krieket ondersoek het. Hy sê dat sy "Groot passie vir die spel en vir my spanmaat was geëwenaar deur ʼn ongelukkige liefde vir geld".



Skryf ʼn kort opstel wat die belangrikheid van sportetiek verduidelik. Fokus op die volgende kwessies:

- Wat is sportetiek?
- Wie moet hulself aan sportetiek onderhewig en deur watter aktiwiteite moet etiek toegepas word?
- Wat is regverdige spel? Gee ʼn voorbeeld van onregverdige spel in ʼn ander sportkode, bv. sokker.
- Verduidelik wat jy verstaan onder wedstrydknoeiery.
- Verduidelik die belangrikheid daarvan om ʼn gedragskode in sport te hê. **[10]**

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou